



JANUARIE 2018

Welkom	1
Nuwe dinge	1
Foo struktuur	2
Vorms	3
Groete	3

ONTHOU ASB OM
JULLE
INSKRYFVORM TE
VOLTOOI

ASOOK DIE
ATLEETPROFIEL

AS JY DIT NIE
ONTVANG HET NIE
MAAK KONTAK
MET MY

WELKOM

Welkom by 'n nuwe jaar. Dankie dat jy die tyd neem om na die nuusbrief te kyk. Ek het reeds verlede jaar 'n voorneme gemaak om korter nuusbriewe te gee en meer op die punt. Ek hoop elkeen van julle geniet die seisoen of julle terug kom van besering af en of julle nuwe uitdagings het by die Hoërskool. Lekker lees

NUWE DINGE

Hierdie jaar poog Willebeer Afrigting om uit te brei en sy horisone te verbreed. Ons het nuwe afrigters wat al reeds die jaar hard gewerk het. Welkom aan:

Carel Swanepoel (tienkampatleet by TUKS en ASA vlak 1) wat uithelp waar hy nodig is en amper enige items kan afrig en **Aletta van Heerden** (Eben se ma) wat nou 'n ASA vlak 1 afrigter is en uithelp met die middelfafstande.

Die ou bekendes **Jon Seeliger**, **Phillipa vd Merwe** en **Willie Swart** is nog by ons ook.

Ons gaan ook 'n begin fokus op Twee kamp. Daar is verskeie soorte hiervan . Indien julle belangstel kyk gerus na die webtuiste hieronder en maak kontak met my.

Watter Tweekamp?

<http://www.gnbiathlon.com/>

<http://www.gnbiathlon.com/events.php>



FOOI STRUKTUUR

Ek het in verlede jaar se laaste nuusbrief genoem dat die fooi struktuur gaan verander. Ek beoog om die fooi struktuur na 'n maandelikse fooi te verander. Dit maak die boekhouding en rekeninge baie makliker vir almal en haal ook druk van die afrigters af om presensie te moet hou. Ek het rondgeva by ander sport klubs en dit is orals die standaard.

Ek besef dit is nuut en bring nuwe uitdagings. Daarom sal ons deur 'n oorgangstydperk gaan. Tussen Januarie en Julie sal julle 'n keuse hê of om die maandelikse klubfooi te betaal of om nog te bly soos dit tans is. **Van Augustus af skakel ons ten volle oor na klubfooie per maand betaalbaar aan die begin van die maand.**

Vir dié wat wil bly soos dit tans is **DUI DIT SO AAN OP DIE INSKRYWINGSVORM:** Julle sal steeds die rekening ontvang alhoewel ek die maandelikse fooi gaan opdateer. Ek het nie in 2017 'n fooi aanpassing gemaak nie en gebly by 2016 se fooi. **Die 2018 fooi wat aangepas is vir inflasie is R75.**

Daar is ook die jaarlike klubfooi wat aangepas is met inflasie. **Hierdie fooi is R320.** Dit stel die klub instaat om 'n eindjaar funksie te hou asook 'n prysuitdeling. Die wat dit bygewoon het die vorige twee jare sal getuig dat dit die moeite werd is.

Let op dat klublede wat aan privaat ligas deelneem 'n **ASA lisensie** moet kry. Dit word nie deur die klub gedryf nie alhoewel dit by ons beskikbaar is. Atletiek Gauteng Noord vereis dit vir spaninsluiting. Die alternatief is nommers by die hek teen R20-R40 met elke deelname. Hierdie nommer word ook gebruik by landloop ligas.

Foosie 2018

- | | | |
|-----------------------|---|---------------|
| • KLUBFOOI (eenmalig) | - | R 320 |
| • DAAGLIKSEFOOI | - | R 75/sessie |
| • MAANDELIKSE FOOI | - | R 560 / maand |
| • ASA LISENSIE | - | R 80 |



Wat is BEARone?

<http://www.willebeer.co.za/content/bearone>



VORMS

Kyk uit vir die vorms wat ek aanstuur. Dit sluit in die [inskrywingsvorm](#) asook die [Atleet Profiel](#). Op die eerste een doen jy jou inskrywing vir die jaar wat die klubfooi insluit. Daarop is ook opsies om beertjiedrag aan te skaf of om BEARone te ondersteun. Dit bestaan uit persoonlike inligting en drie ander dele. Deel 1 is verpligtend vir klublede en deel 2 en 3 is opsioneel.

Dan is daar die Atleet Profiel. Asseblief vul dit vir my in want dit help my en die ander afrigters om die kinders te leer ken.

Groete

As daar enige navrae is moenie huiwer om met my kontak te maak nie. Net nie na 19:30 nie want dan los ek my foon eenkant. Epos is die beste. My epos adres is willem@willebeer.co.za. As daar enige probleme is met die fooi of finansies moet ook nie huiwer om my te kontak nie. Soos altyd luister ek graag en help as ek kan. Moet ook nie vir Diana ons boekhouer moeilikheid gee nie. Sy is net die *messenger*.

Ek sien uit vir ons vennootskap. Dankie dat julle my vertrou met julle kinders. Baie dankie vir jou tyd en geseënde nuwe jaar.

SEËNGROETE, COACH WILLEBEER

